# WATTER PAD? *

Ek betuig aan u my dank vir die geleentheid wat u my gee om die studente van die Universiteit van Potchefstroom en van die Teologiese Skool te mag toespreek en aan hulle 'n paar gedagtes oor te dra, gedagtes wat egter nie net vir hulle bedoel is nie maar vir al diegene in ons vaderland wat besig is om hulle voor te berei vir dienslewering op watter terrein ook al, aan 'n wordende nasie. Dit bring mee dat ek my vanaand sal wy aan sommige van die diepere dinge van ons volksbestaan, maar ek belowe die studente sommer nou al dat ek my tyd nie gaan wy aan die sondes, werklik of vermeend, van die studerende jeug nie maar wel aan die verantwoordelikhede wat op ons almal se skouers en gewetens rus en dus ook op dié van Suid-Afrika se studente. Hulle is die nasiebouers van môre — die „King makers", soos die Amerikaners dit noem. Die doel van my rede sal dus eintlik wees om te help dat hulle die regte konings op die onderskeie lewensterreine kies en, wanneer hulle hul gekies het te verseker dat hulle nie op wankele trone geplaas word nie, d.w.s. as hulle my sou toelaat om sodanige hulp te verleen. Ek gaan dus 'n paar vrae stel en antwoorde daarop gee, in soverre die beskikbare tyd my toelaat om dit te doen — vrae wat na my mening vir almal van ons van die grootste belang is en die beantwoording waarvan, een kant toe of ander kant toe, ons nie mag ontwyk nie — al wil ons ook, omdat ons maar net mens is, met al die broosheid aan daardie feit verbonde.

Die vrae en antwoorde wil ek graag in verband bring met 'n taakstelling, naamlik 'n voorraadopname van die belangrikste komponente in ons nasionale lewe en van wat ons as nasie te doen staan, in die nuwe wêreld van vandag, in ons strewe na nasionale volwassenheid in omstandighede van eerbaarheid, vryheid, veiligheid en vrede in ons veelrassige en veeltalige vaderland — dit alles in verband gesien met die groot strominge van allerlei aard binne en buite ons grense en waarheen daardie strominge ons mag meesleur tensy ons ons doel en strewe so duidelik kan bepaal en, na sodanige bepaling, die nodige geestelike en fisieke krag dermate kan ontwikkel,

* *Rede deur Sy Edele, mnr. W. C. du Plessis by die jaarlikse openingsplegtigheid van die P.U. vir C.H.O., op 9 Februarie 1968.*

dat ons ons sal kan handhaaf, nieteenstaande die enorme magte, beide die wat gesien kan word en die nog grotere wat ons nie kan sien nie, wat ons in ons eiesoortige selfstandigheid andersins ernstige skade sal kan berokken, indien dit ons nie tot die grond toe afbreek nie.

'n Opname om alle terreine te dek is natuurlik nie die taak van 'n enkeling nie en dit is dan ook nie wat ek vanaand gaan probeer doen nie. Ek kan slegs enkele gedagtes daaroor uitspreek en selfs dan sou ek u 'n ondiens bewys, indien ek sou wou voorgee dat ek so toegerus is dat ek met meer as gewone gesag daaroor sal kan praat en stellinge sal kan neerlê in die sekerheid dat hulle algemeen aanvaarbaar sal blyk te wees. Ek ken egter geen mens wat, man-alleen, so ryklik begaafd en so toegerus is nie, en die enigste verskoning wat ek kan aanvoer dat ek my durf waag aan 'n onderwerp wat so groot is, is om u gedagtes daaromtrent te prikkel en wel op grond van twee oorwegings wat ek as baie belangrik beskou. Hulle is die volgende:

(1) Die geestelike en kulturele erfenis wat ons ontvang het, is nie maklik verwerf nie en die land waarin ons dit wat ons geërf het moet uitlewe, moet bewaar en daaraan moet toevoeg, is duur gekoop. Die prys wat hiervoor betaal is, is maar vir 'n klein deeltjie betaal deur ons wat vandag lewe. Die bloed en die trane was nie ons s'n nie — dit was ons voorouers s'n maar dit mag weer ons s'n word as ons die weg nie helder sien nie en dit nie vasberade en in eerbaarheid en doelgerigtheid loop nie — daarby met 'n heldere begrip van alle omstandighede wat daarmee verband hou en daarby nog verder, en dit wel in die grootste mate, onder Gods genade.

(2) Die wêreld waarin ons ons so moet handhaaf is nie meer wat hy was voor 1939 nie. Daardie wêreld van die vooroorlogse tydperk het ons redelik goed geken en ons kon, in ons staatshuishouding en vir ons landsbeveiliging, put uit die ondervinding van 'n lang verlede. Dit kan ons, vir 'n belangrike deel altans, vandag nie meer doen nie want van 1939 af het die hele mensdom — en ons dus ook — 'n nuwe fase in sy historiese ewolusiegang betree. Ons lewe nou in 'n nuwe era: die era van die wetenskap en die tegnologie, van die verheerliking van die verstand en, jammerlik genoeg, van die verduistering van die gees.

'n Nuwe uitdaging het, saam met die baie ander, nou na

vore getree — een wat ons nie kan ontwyk nie, tensy ons tevrede sal wees om 'n proses van geestelike degenerasie en aftakeling tegemoet te gaan, soos alreeds die geval is in bepaalde lande wat ek sou kon noem, lande wat hulle ondergang in die gesig staar as hulle nie daarin slaag om die proses te stuit nie. Gelukkig is daar tekens van pogings om dit te doen.

Die nuwe wêreld waarin ons lewe veroorsaak o.a. dat die mensdom hom in 'n neurotiese, ek sou byna wil sê 'n skisofreniese toestand bevind en as ons sou aanvaar dat dit ongeneeslik is, omdat skisofrenie ongeneeslik skyn te wees, sal ook ons degenerasie en aftakeling moet aanvaar. Maar ons *mag* dit nie aanvaar nie en dus *moet* ons, daarteenoor, die uitdaging en wat dit alles, hoe swaar ook al, vir ons inhou aanvaar, wat, indien ons dit met welslae doen ons in staat sal stel om aan ons kinders te kan sê dat ook ons getrou was en gebly het aan die hoogste in onsself — soos ons vadere dit was en gebly het, totdat hulle die voortsetting van die taak aan ons oorhandig het.

Waaruit bestaan die taak dan soos hy hom nou voordoen in hierdie nuwe fase wat ek genoem het, die atoomera?

Ek kan in die kort tyd tot my beskikking nie alles opnoem en beredeneer nie maar moet my slegs tot enkele hoofoorwegings bepaal.

Heel eerste lê die uitdaging en die taak vir my baie duidelik op die terrein van die mens as geestelike wese — 'n feit wat ten spyte van 'n evangelisasieperiode van 2000 jaar, ontken sal word deur omtrent twee derdes van die mensdom. Die ander een derde wat dit wel sou erken is verward en onderling verdeeld — ook hier by ons — vanweë die aanslae wat nie net die wetenskap nie maar veral die heersende politieke ideologieë en met name die tweelingbroers, die Egalitarisme en die Kommunisme saam met hulle halfbroer, die politieke liberalisme, op hulle vermoëns maak.

Dit doen hom nie altyd voor as 'n aanslag nie — dit is by wyle ook 'n sirenesang, een wat die mens wil lok na die heerlikhede van 'n wêreld wat gefundeer is uitsluitlik op die mens se verstand, met volkome veronagsaming van al die groot waarhede wat getoets en gelouter deur die eeue heen, die mees waardevolle deel van ons geestelike erfenis is. Hierdie sirenesang lei, in werklikheid, en daaromtrent het ek geen twyfel nie, na dieselfde plek wat die bestemming was van die swyne van Gadara.

Wat staan ons dan te doen? Dit is duidelik: Ons moet, deur volgehoue studie en toewyding, die probleme wat hulle voordoen ken en na ons hulle leer ken het, die oplossing bepaal. Ek kan nie vanaand, want daar is nog ander belangrike dinge waarby ek moet kom, vir u sê wat ek as die oplossing beskou nie, maar een ding staan vas en dit is dat as die mens sy weg op die geestelike vlak nie duidelik sien nie en dus nie die inspirasie en die krag en die balans kry wat hy slegs op daardie vlak kan verwerf nie, dan is daar vir hom geen hoop nie. Dan is hy soos die mot wat sy kort lewetjie slyt in die genieting van die aantreklikheid van die vlam om, uiteindelik, deur dieselfde vlam verteer te word en te vergaan tot minder as 'n mespuntjie van as.

Maar ek wil tog 'n baie belangrike gevolgtrekking noem, en dit is dat as die mens uit sy verwarring gehelp moet word sodat hy sy pad sal kan sien en hom gewilliglik loop, dan sal daar 'n rekonsiliasie moet kom in 'n veel groter mate as wat daar nou is, tussen die godsdiens en die wetenskap. Beide put tog hulle krag en inspirasie uit die een groot onverganklike bron, en daar word dus 'n taak gestel aan die reggeaarde wetenskaplike en aan die gelowige Godsman waarvan hulle, in hulle verantwoordelikheid teenoor die ganse mensdom, nie mag terugdeins nie. Die mensdom sien op na hulle vir leiding en tensy hulle wil slaap terwyl Jesus bid, moet hulle die uitdaging aanvaar. Dit is bitter woorde hierdie, maar ek pleit vir 'n lydende mensdom wat in bittere nood en vertwyfeling verkeer en wat gelei moet word na die lig — dieselfde lig wat 'n Saulus van Tarsis oorweldig het op sy pad na Damaskus.

Die bevel: „Hoed my lammers" is nog steeds van krag, net soos 'n ander een wat ek teen die end sal noem.

Ek kom by die tweede oorweging en hy is politiek van aard. Ek kom netnou by 'n derde wat strategies van aard sal wees maar ek wil nou al sê dat die drie oorwegings wat ek vanaand aan u stel, nie los van mekaar gesien moet word nie. Inteendeel, hul vorm een geheel.

As ek nou praat van en oor die politiek dan praat ek nie van die engere partypolitiek nie, waaraan ek as Administrateur in elk geval nie mag deelneem nie. Ek praat van en oor Volkspolitiek waaraan ek, as Afrikaner, ten alle tye en in my eie reg mag deelneem — waaraan ek *moet* deelneem as ook ek getrou wil wees aan die hoogste in myself.

As ek dit wil wees, wat moet ek dan sê aan *u*, die jongeres aan wie ons, die oueres, die bewaring van die erfenis wat ons van ons vaders ontvang het, nou moet oorhandig?

Dan moet ek, in die eerste plek, sê dat die oorhandiging nie sonder 'n gevoel van weemoed geskied nie. Die ou vegters, mans en vrouens, wat die swaarste las getors het van 1806 af en sommige van wie die glorierykste hoofstukke in ons geskiedenis, dié van die Groot Trek en die Vryheidsoorloë geskryf het, is dood. Die groot leiers, en Goddank dat ons hulle gehad het, wat nie na 1902 op die ashope van verslaendheid en vernedering bly sit het nie, maar dit hulle lewenstaak gemaak het om 'n ganse volk aan die hand te vat en te lei deur die dal van die skaduwee na die hooglande van prestasie op omtrent alle vlakke van ons volksbestaan, is ook omtrent almal dood. Daar bly diegene oor — en selfs hulle is nie meer baie nie — wat aan die voete van daardie leiers gesit het, en aan hulle hand groot geword het. Hulle het die groot taak met sy somtyds uitmergelende uitdagings en swaar terugslae aanvaar en verder gevoer tot waar ons vandag is.

En waar is ons vandag?

Ek wil hierdie vraag toets aan enkele van die duidelike riglyne wat deur hierdie groot leiers van weleer vir ons neergelê is en wat veral deur een van hulle, generaal Hertzog, duidelik geformuleer is en wat deur hom en die ander grotes, nadat hulle gestalte en inhoud daaraan gegee het, deurgevoer is in soverre as wat die moeilike tydsomstandighede waarin ook hulle gelewe het, hulle in staat gestel het om dit te doen.

Daardie riglyne, hoewel nie deur hulle presies so bewoord nie, stel ek soos volg:

(1) Die Staat moet op nasionaal-christelike grondslag gefundeer wees, en dit volg dat dit dan ook die grondslag moet wees van sy instellings.

(2) In wel of wee, in vrede en in oorlog, in sukses of in mislukking: Suid-Afrika eerste.

(3) Vooropgestel, moet daar pariteit tussen die twee hoof taal- en kultuurgroepe wees, beginnende waar dit behoort te begin, by elkeen se moedertaal en vandaar af verder ontwikkel, ooreenkomstig elkeen se wil en vermoë, na ons uiteindelike lotsbestemming as een nasie saamgesnoer in een liefde op die basis van een trou aan een land. Eerbaarheid van die een teenoor die

ander moet noodwendig die basis van so 'n groeiproses wees, tensy hy tot mislukking gedoem moet wees en dan eindigende nie in die oorwinning van die een oor die ander nie, maar in die ontaarding van albei.

(4) Reg en geregtigheid teenoor die nie-blanke bevolkingsgroepe, sodat ook hulle in vrede en veiligheid sal kan lewe en hoop sal hê vir die toekoms, was en is eweseer 'n noodsaaklike vereiste, een waarmee ons gelukkig goeie vordering maak.

Hoe ver het ons nou met dit alles gekom op die tydstip waarop u alreeds begin om oor te neem? Erken ons nog hierdie basiese riglyne en indien wel, wat doen ons daaromtrent? Indien nie, wat anders word dan voorgestel? Watter nuwe rigting moet ons dan volg en watter ander pad moet ons dan loop, altyd in ag genome my primêre stelling: nasionale volwassenheid in omstandighede van eerbaarheid, vryheid, veiligheid en vrede in hierdie land wat die Here ons gegee het.

Ek het, veral in die laaste tyd, dikwels in bepeinsing geraak oor hierdie vraag. Daar bestaan, God sy dank, geen twyfel meer oor die eerste twee stellings nie en eintlik ook nie oor die vierde nie. Oor die eerste een het u Rektor onlangs baie duidelik uitspraak gegee en hoef ek niks verder daaroor te sê nie. „Suid-Afrika Eerste" wat vir lang jare 'n bittere strydvraag was, word vandag aanvaar deur alle reggesinde landsburgers, ongeag die taalgroep waaraan hulle behoort. Dié wat nie reggesind is nie kan ons op hul doodlooppad laat. Dit het baie stryd gekos om sover as wat ons nou is te kom maar dit laat ek daar, behalwe dat ek ten opsigte van hierdie stryd aan u wil sê: Staan soos u voorgangers gestaan het, met u gesig na die opkomende son en in niemand se skaduwee nie tensy dit dié is van die Almagtige. Terwyl u dit doen, hoed u daarvoor dat u nie onnodiglik dinge uit die skaduwees van die verlede sleep om ons gesamentlike toekoms daarmee te vermink of miskien te vermoor nie. Dit is net sterk mense wat nie voor die versoeking beswyk van 'n oog om 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie, maar dit is dan ook net hulle wat die hooglande van nasionale volwassenheid sal kan bestyg. Die ander val vas in die modder onder in die vlei.

Hoe staan dit egter met die derde stelling — daardie besondere belangrike een van pariteit in ons volkslewe tussen die twee hoof-taalgroepe? Hier begin ek huiwer want hier kan ek nog nie met dieselfde gevoel van sekerheid praat as

oor die eerste twee nie, en soos oor die vierde nie. Laat ons dus 'n bietjie daarby stilstaan.

Dit het lank gevat om te kom waar ons vandag is t.o.v. die erkenning van ons taal en die vestiging, op hegte grondslag, van ons kulturele en ander instellings. Dit het volgehoue stryd gekos want niks, letterlik niks, op hierdie terrein het soos manna uit die hemel aan die Afrikaner toegeval nie. Vir elke skrede voortwaarts moes daar geveg word; Potchefstroom het sy bydrae gemaak en as ek dink net aan mense wat ek persoonlik geken het soos Totius, professor Joon van Rooy en professor Vicus du Plessis dan was dit 'n besondere bydrae. En dan praat ek nie eens van die Lion Cachets en die Postmas en die Vader Kestells en baie ander nie — dit was groot mense wat positief en konstruktief gedink en gelewe het en wat saam met baie andere ons help bring het tot waar ons is. Ons was, in ons geskiedenis, nog altyd gelukkig dat daar groot mense was om ons die pad te wys wanneer die newels op ons toegesak het.

Maar dink en leef ons, in *hierdie* tyd, nog so positief en konstruktief? Ek twyfel somtyds daaraan want ek sien tekens wat my tot onrus neig hoewel, veral in ons besondere omstandighede, 'n mens baie moet toegee aan die pyne en spanninge wat noodwendig gepaard gaan met die groeiproses van 'n jong nasie — veral 'n veeltalige en veelrassige een soos ons s'n — soos jy dit moet doen aan die puberteitsvraagstukke van 'n kind.

Maar as ek by die derde oorweging — dié van strategiese aard — kom sal u sien dat ons nie eintlik nou die tyd kan bekostig om onsself in ons groeipyne te troetel en te bejammer nie. Die tydsomstandighede is te dwingend van aard dat ons dit kan bekostig om dwalend rond te tas en onsself o.a. mismoedig te maak ten opsigte van sommige dinge waaroor ons 'n vae vrees koester. So 'n vrees kan verkankerend op ons volkslewe inwerk. Die vrees bestaan myns insiens vir baie van ons daarin dat ons, veral sedert Republiekwording en miskien as 'n gevolg daarvan, meen dat ons gevaar loop van 'n grondverskuiwing onder ons voete waardeur ons dan nie meer so vas sal kan staan op die ou fondamente nie. Hierdie verskynsel openbaar hom op baie plekke in ons volkslewe, ook op die kerklike, en daarom kom dit voor dat ons geneig is om aan mekaar te stamp en te stoot en is dit onteenseglik ook waar dat in hierdie proses van stoot en stamp wat opsigself nie noodwendig ongesond be-

hoef te wees nie, daar 'n ander element bykom wat wel ongesond sou kon wees en dit is nl. om te maneuvreer vir posisie in die nuwe bedeling. Ook dit hoef nie noodwendig ongesond te wees nie, maar dan hang dit af van die motiewe wat ten grondslag daarvan lê. Ek kom weer hierby terug maar die vraag bly staan: Gaan ons aanhou met die reeds beproefde pad wat ek genoem het of gaan ons 'n ander een loop? Indien so, watter een?

Dit is nogal 'n vraag om te beantwoord, want die Suid-Afrika van vandag is nie meer die Suid-Afrika van genl. Hertzog, genl. De Wet, president Steyn en Totius of 'n lord Milner se dae nie. Baie het verander en niks het eenvoudiger geword nie. Ons moet ons egter juis daarvoor hoed dat, vanweë daardie feit, en omdat so baie van ons nou „geleerde" mense geword het, ons nie oplossings probeer soek wat te ingewikkeld is vir die volksmassa om te verstaan nie. En as die volksmassa dit nie ten minste redelik goed verstaan nie dan mag dit die gevolg hê dat ons leiers sal hê wat weet waarheen hulle wil maar dat die volgelinge soekend en tastend agterbly. In die partypolitiek is dit natuurlik nie so nie maar ek praat van ander terreine, wat egter hul uitwerking ook op die politiek sal kan hê.

Hierdie gedagte het my gehinder toe 'n groep uitgesoekte akademici verlede Augustus oor Radio Suid-Afrika die vraag moes beantwoord: Quo Vadis, Afrikaner? — en sommige van die antwoorde 'n mens gelaat het met 'n gevoel van onvoldaanheid en selfs onbehaaglikheid, want dit het weinig verband gehou met die harde werklikhede van die alledaagse lewe, soos die gewone man dit aanvoel.

Ons moet egter 'n antwoord vind op daardie belangrike vraag. Die politieke leiers, van watter kant ook al, staan hulle plek vol in soverre as wat hulle omstandighede hul toelaat, maar omdat hulle te doen het met die versugtinge en ook die probleme wat aan die beoefening van die partypolitiek verbonde is, en t.o.v. sommige van ons kardinale probleme afwykende standpunte huldig, bly daar tog vrae in die volksgemoed oor wat nie duidelik genoeg beantwoord word nie en wat dus as kolle van vae onrus agterbly.

Een van daardie kolle wat die Afrikaanssprekende skynbaar die meeste hinder en waarvoor hy blykbaar 'n besondere vrees koester, het te doen met sy identiteit as Afrikaner wat

hy meen hy gevaar loop om te verloor — al is dit hoe geleidelik — as gevolg van die grondverskuiwing sedert Republiekwording. En dan voeg ek onmiddellik by dat die Engelssprekende presies dieselfde vrees koester ten opsigte van die verlies van sy identiteit. En dan voeg ek verder onmiddellik by dat as die derde beginsel wat genl. Hertzog gestel het uitgevoer word op die grondslag *waarop* hy dit gestel het, nl. van wedersydse eerbaarheid, dan is albei hierdie vrese ongegrond en, tensy hulle verwyder word, kan hulle slegs 'n eroderende uitwerking hê op die proses van nasiewording.

En nou is daar m.i. 'n feit wat bokant enige twyfel gestel moet word, en dit is dat albei taalgroepe hul nie moet mislei deur te probeer glo dat hier aan die suidpunt van Afrika 'n nuwe nasie nie aan die ontstaan is nie. Al die bewyse daarvoor is voorhande. In die kleinere drietalige blanke gemeenskap van Suidwes-Afrika is dit op sy duidelikste te sien. Die proses is onmiskenbaar en is reeds ver gevorder, maar die vordering is miskien 'n bietjie te vinnig vir dié van ons wat van 'n langsamer tempo in so 'n belangrike aangeleentheid hou. Die druk van nasionale en internasionale omstandighede, egter, is sodanig dat ons nie langs die weg kan talm nie, want daar is stormweer in aantog wat die dak van ons volkshuis op ons kan laat instort. Daar is geen uitweg nie, selfs as ons 'n uitweg sou wou hê. Ons *moet* mekaar vind en dit sonder verlies van identiteit maar op die hegte grondslag van een nasieskap — soos genl. Hertzog reeds lank gelede geglo en gesê het. Ons moet dit nou ook gou doen — as dit dan nie op die basis van wedersydse eerbaarheid kan wees nie dan, sinies genoeg, op die basis van 'n gemeenskaplike vrees. Reggeaarde mense sal weet watter een om te kies.

As, in daardie proses, ons Afrikaner-identiteit skade ly of tot niet gaan dan sê ek sal dit ons, die Afrikaanssprekendes, se eie skuld wees omdat ons tekort sal geskiet het. Waarom kan ek dit met soveel sekerheid sê? Om 'n eenvoudige rede: omdat hierdie identiteit gebore is uit en gewortel is in hierdie land, sy geskiedenis en sy tradisies en daar hoegenaamd geen rede is waarom hy nie sal gedy nie, tensy ons veronagsamend teenoor hom staan. Hy het baie en swaar storms reeds deurlewe en dit met welslae gedoen. Swakker het hy in die proses beslis nie geword nie maar oneindig sterker, soos diegene van ons wat in die periode van Viktoriaanse imperialisme

grootgeword het, goed weet. Ons sit nie selfbejammerend in die rookwalme van mismoedigheid nie want ons ken die pad wat agter ons lê en ons sien die een wat voor ons uitstrek.

Maar daarby moet onmiddellik ook gesê word dat as ons ons Afrikaner-identiteit wil toespyker in 'n lugdigte vertrek sodat hy geen lewegewende suurstof kan kry nie, sal hy beslis kwyn en sterf. Begryp u wat ek bedoel en wat, indien so iets moet gebeur, alles te sterwe sal kom?

As dit toegegee word moet ek nou 'n ander belangrike vraag stel: Kan hierdie landgebonde en -gewortelde identiteit met ons ander landgenote, wie se moedertaal nie Afrikaans is nie — en dan dink ek nie net aan die Engelssprekendes nie — gedeel word? Vir die antwoord wat ek gaan gee, sal ek waarskynlik deur sommige tot verantwoording geroep word maar daar moet 'n eerlike antwoord op so 'n belangrike vraag gegee word. My antwoord is dit: Ek dink nie alleen dat dit kan nie — ek dink dit *moet,* soos die proses van nasiewording aangaan. Dit is, trouens, wat in die verlede stelselmatig gebeur het — die meeste van ons in hierdie saal het nie net die bloed van Geus en Hugenoot in ons are nie, maar dié van baie ander Westerse nasies. Dit is m.i. 'n natuurlike proses wat in die verlede ongelukkig gestrem is deur allerlei oorwegings wat ons maar daarby sal laat maar wat die proses tog nie doodgesmoor het nie. Dit hoef dan ook nie in die toekoms te gebeur nie, want dit is hierdie identiteit wat die penwortel is van ons volksbestaan. Laat ons tog nie daaraan twyfel nie. Die penwortel is m.i. te diep om 'n proses van ontworteling deur te maak. Die penwortel sal die boom aan die lewe hou mits hy nie aan verwaarlosing blootgestel word nie. Dit, eintlik, is wat ons moet vrees: dat ons self te kort sal skiet aan die eise van die tyd en dit wat aan ons sorg toevertrou is nie na waarde sal skat en dienooreenkomstig sal bewaar nie.

As ons, van die twee hoof-taalgroepe, met mekaar deel sal ons vanselfsprekend ook van mekaar ontvang en wel tot ons gesamentlike verryking. Maar dit moet vooropgestel word dat beide hierdie prosesse in eerbaarheid en op die grondslae soos deur genl. Herzog neergelê, sal moet geskied. Dan sou daar niks daarin wees, wat ek kan voorsien om ons vreesbevange te maak nie. Dan lê nasiewording voor as 'n pragtige belofte en nie as iets wat angs behoef te verwek nie. So 'n angs sou alleen kon voortvloei uit 'n gebrek aan selfvertroue of ander-

sins uit wantroue in mekaar — en wantroue kan, in hemelsnaam, tog nie die voedingsbron wees, of bly, van 'n nasie nie.

Maar nou is daar iets anders wat van besondere belang is en waarby ek 'n paar oomblikke wil stilstaan. Ek het gesê daar is 'n merkbare neiging om aan mekaar te stamp en te stoot en om te maneuvreer vir posisie. Dit is nie altyd nodig nie — dit mag somtyds ook dwaas wees. Ons toenemende krag, soos geopenbaar in die feit dat ons die land al 20 jaar lank regeer en goed regeer, is toe te skrywe aan die feit van ons toenemende eenheid op die basis van 'n strewe na doelwitte wat elkeen verstaan en na die bereiking van ideale wat bykans elkeen huldig. Laat elkeen dan, wat dit versteur, weet dat hy tot verantwoording geroep sal word en dit wel deur die meesal suiwere oordeel wat deur die geskiedenis gevel word. Laat daar gerus gewaarsku word wanneer waarskuwing nodig mag blyk te wees, wanneer ons miskien die neiging openbaar om op kronkelpaaie te loop i.p.v. om op die reguit een aan te hou, maar laat ons seker wees van die gronde waarop ons dit doen.

In die bereiking van hierdie eenheid het die Afrikaanstalige pers aan die nasionaalbewuste Afrikanerdom nog altyd 'n groot en 'n onmisbare diens gelewer. Die waarskuwende stem was dikwels syne. Ek aanvaar dat hy dit nog altyd sal doen, want ook op hom rus die sanksie van verantwoording teenoor die geskiedenis.

Maar ook ons, die enkelinge, wat ook die wagters op die mure is, mag nie stilbly wanneer waarskuwing nodig is nie en daarom wil ek daarop wys dat daar, eintlik sedert die laat dertiger en vroeë veertiger jare, 'n element in ons groeiproses tot volwassenheid na vore begin tree het wat voorheen grotendeels afwesig was maar wat sedertdien belangrike afmetings aangeneem het. Dit is 'n onmisbare element in die groeiproses en een wat in sy wordingstadia baie sweet en jammerlik genoeg, by tye, ook trane gekos het soos terugslae ondervind is. Hierdie element kan saamgevat word in 'n enkele woord, naamlik „geldmag" en is een wat, vanweë sy aard en wese, met besondere verantwoordelikheid gehanteer moet word indien dit 'n bevrugtende uitwerking op ons volkswording moet hê. Daarteenoor kan dit, indien nie so gehanteer nie, baie skadelik wees.

Hierdie mag, vir sover dit die Afrikanerdom betref, is in hoofsaak gesetel in sy finansiële instellings — instellings wat nou 'n gevestigde plek verower het op bykans alle terreine

van ons volkslewe. Dit is instellings vir die totstandkoming waarvan ons ons almal beywer het en in die groei waarvan ons ons almal verheug het. Ons het ook ons deel daartoe bygedra volgens ons vermoë, wat somtyds — ek kan amper sê meesal — maar net by wyse van tiekies en sikspense was, maar wat met 'n ruim en 'n goeie hart gegee is, dikwels in omstandighede wat vir die gewer moeilik was. Hierdie bystand se grondslag was sentiment, nie sieklike sentiment nie maar gesonde nasionale sentiment, waarsonder niks wat moet gedy tot stand gebring sal kan word nie. Dit wil my somtyds voorkom dat daar van ons finansiële leiers is wat vandag hulle kop wegdraai wanneer daar gepraat word van sentiment en ek stel dit vanaand aan hulle dat indien hulle dit doen, hulle terselfdertyd hulle kop wegdraai van hul eie verlede soos 'n ryk seun wat skaam is omdat hy arm ouers gehad het maar wie se sorgsame vlyt en kommervolle werk die onbetwisbare bron van sy prestasie en rykdom was.

Dit is eintlik maar terloops. Die belangrike feit is dat hierdie instellings wel tot stand gekom het en vandag — hoewel hulle groeikoers nog baie behoort toe te neem — 'n invloedryke faktor in ons volkslewe is. Dit is 'n feit, om redes wat hul oorsprong in ons geskiedenis het, dat baie van hierdie instellings hul oorsprong in Wes-Kaapland gehad het en dus Kaaps georiënteerd is. Ek wil dit sê dat daar niks verkeerd hierin gevind kan of behoort te word nie, want hierdie instellings het nog altyd in die diens van die nasie gestaan en behoort altyd so te bly staan. Historiese omstandighede voortspruitende uit die feit dat daar in die Transvaal en in die Vrystaat sedert 1902 'n enorme rehabilitasietaak was — 'n taak wat gestrek het dwarsdeur die lang jare van mismoedigheid en ellende waarvan die armblankevraagstuk en die Rebellie van 1914 die toonbeeld was — het verhinder dat genoegsame aandag aan die vestiging van finansiële instellings in die Noorde gegee kon word totdat hierdie rehabilitasietaak afgehandel was. Dit sal nie vergeet word nie dat ruime en gulhartige bystand uit die Kaap ontvang is vir die bereddering van hierdie hereditas damnosa wat voortgevloei het uit die twee voormalige Republieke se geskiedenis.

Die Kaap self — en ek bedoel natuurlik die Wes-Kaap, want die ander dele van die groot Kaapkolonie was ook maar pioniersgebiede, met harde lewensomstandighede, 'n feit wat

dikwels oor die hoof gesien word — kon natuurlik rustiger voortgaan en het inderdaad so voortgegaan om hulle meer voordelige omstandighede te benut en om naas die politieke instellings ook finansiële instellings, inklusief dié van 'n sterk pers, te skep tot gemeenskaplike diens. So 'n bevrugtende diens is inderdaad gelewer en daarvoor kan ons dan ook slegs dankbaar wees.

Politieke stabiliteit is onmoontlik sonder 'n sterk ekonomiese fondament, en die finansiële instellings moet die fondament voorsien en voorsien dit al hoe meer, ook soos dit in die verloop van tyd vertak het na of gevestig geraak is in die Noorde, waar die prosesse van industriële uitbreiding gaandeweg ongekende afmetings aangeneem het, wat nie ooreenstemmend die geval was in die Kaap nie.

Maar ook wat hierdie instellings betref het ons myns insiens nou by 'n stadium gekom waar ons die pad vorentoe met voordeel onder oënskou moet neem. En wanneer ons dit doen skyn dit die aangewese tyd te wees om aan die finansiële instellings te sê dat hulle hulself rekenskap moet gee van hul verhouding teenoor mekaar en teenoor die grotere geheel sodat, terwyl gesonde onderlinge kompetisie gehandhaaf word, daar nie praktyke ontstaan om, soos die Hollander dit so bondig noem, mekaar vlieë af te vang nie. Ouere nasies kan dit miskien bekostig sonder dat dit te veel skade doen. Ons egter nie, want omdat ons nog jonk is, het ons ook op hierdie terrein onderlinge begrip en welwillendheid nodig op die lang pad vorentoe.

En daarom het die tyd nou gekom om te sê dat wanneer indiwidue teen mekaar stamp en stoot is dit een ding. Wanneer magtige instellings dit doen, en dit nogal in die perswese, is dit iets anders, want dit kan groot skade berokken aan die kragtige ontplooiing van 'n nasie se beste elemente. So iets sal dan ook, uiteindelik, deur die nasie nie geduld word nie, en as dit sou moes gebeur sal die betrokke leiers tot verantwoording geroep word net soos die politieke leiers, in die aanvaarde demokratiese prosesse, gereeld gedoen word.

Uit dit alles is dit dus duidelik dat 'n gesonde volkshuishouding gesond kan bly slegs indien dit gemotiveer en geïnspireer word deur 'n gesonde gees, net soos dit in enige huishouding die geval behoort te wees. Die kerk speel hierin sy groot en onmisbare rol, die staat syne en die maatskappy

syne. Maar binne die werkinge van die maatskaplike lewe speel die pers syne en dit is hierdie rol, hierdie mag in die hande van die pers wat nie alleen hier nie maar die hele vrye wêreld oor, aanleiding gee nie net tot bedenkinge nie maar ook tot onrus — 'n gevoel wat al hoe meer op die voorgrond tree soos herhaaldelik in die jongste tyd, en wel op baie plekke in die wêreld, duidelik blyk. 'n George Brown, Engeland se Minister van Buitelandse Sake, mag wel in die pers uitgejou word maar daar is baie mense, in verantwoordelike posisies, wat hom sal bewonder vir die moed wat hy getoon het, toe hy onlangs, op 'n openbare geleentheid, een van die wêreld se grootste koeranteienaars tot verantwoording geroep het.

Die pers speel 'n oorweënde rol hoofsaaklik in drie opsigte: (1) In sy primêre funksie as nuusverspreider; (2) hy is meningvertolkend, wat ook 'n regmatige funksie is; (3) hy is meningvormend, — wat nie altyd toegegee word nie — wat 'n uiters verantwoordelike funksie is en wat soos die eerste twee skadelik, amper vernietigend, kan inwerk op die vrede en rus van die wêreld, op die wel en wee van mense, van nasies en hul regerings, indien dit nie gepaard gaan met die beoefening van die uiterste verantwoordelikheid nie en wel op die basis van duidelike en omskrewe professionele en etiese standaarde.

Daarby is die pers ook 'n finansiële instelling, wat sy nuuswaardigheid ongelukkig dikwels ondergeskik maak aan sy geldwaardigheid. Dit is en bly egter gebiedend noodsaaklik dat hy, net soos in die geval van die staat en soos in die geval van andersoortige finansiële instellings, moet toesien dat daar 'n gesonde wisselwerking is in sy bedrywighede sodat sy professionele en etiese standaarde nie onder die druk van sy geldomstandighede nadelig aangetas word nie.

Dit is nie alles wel met die pers nie, nie in Suid-Afrika nie, en dan sluit ek natuurlik die Afrikaanstalige pers in, en nie in die wêreld nie. Dit is noodsaaklik vir die handhawing van ons Westerse instellings in die demokratiese wêreld dat daar 'n ongebonde pers sal wees. Dit veronderstel egter dat 'n ongebonde pers 'n gedissiplineerde pers sal wees en aldus 'n magtige hulpmiddel in die handhawing van ons demokratiese vryhede en ons nasionale doelstellings, en nie in die ondergrawing daarvan nie. Die ontstaan bv. van die sogenaamde „geel pers" en hoe hy dikwels floreer, is die simbool van 'n siekte wat ver-

kankerend op baie terreine inwerk. Ook dit staan in die teken van geestelike degenerasie.

Dit is duidelik dat die tyd gekom het vir die ongebonde pers om homself te onderwerp aan 'n grondige selfondersoek en om te herstel wat hy verkeerd vind wanneer hy hom toets aan die hoogste etiese standaarde van diens in eie nasieverband en aan die mensheid. Oor beleidsrigtings sal en moet daar verskil wees — oor die standaarde behoort daar nie te wees nie. Die pers moet hom daarteen hoed dat die toekoms van die nasie nie die slagoffer word van sy onderlinge botsende verskille nie. Dit is nie alleen ongeoorloof nie — dit mag eenvoudig nie toegelaat word nie.

Ek sê dit alles ook met die oog op die derde oorweging wat ek vroeër aan u gestel het, nl. die strategiese, en ek herinner u daaraan dat ek voorspel het dat daar stormweer in aantog is. Dit bring mee dat wat ons almal gesamentlik wil doen ons gou moet doen voordat die vermoë om selfversorgend op te tree ons miskien ontneem word vanweë die politieke strominge in die groot wêreld buite ons grense — strominge so magtig dat daar wellig weinig is wat ons self sal kan doen om hulle koers te verander of hulle uiteindelike uitwerking te stuit, as hulle koers, meer as wat nou alreeds die geval is, in ons rigting gestuur word. Ek sê „weinig", nie „niks" nie en dit is daardie „weinig" wat die deurslag sal kan gee mits ons huis op die rots van geloof en beginselvastheid gebou is en nie op die dryfsand van opportunisme nie.

Ek kan my gedagtes hieroor weer slegs in breë omlyning stel en dit kom hierop neer: Die Westerse wêreld se lot sal m.i. bepaal word deur wat nou in die proses is om te gebeur daar waar die ou kruispaaie tussen Weste en Ooste nog altyd geloop het, die lande om die Middellandse See. Indien Kommunistiese Rusland moet slaag in sy jarelange opset om die Middellandse See en die Noord-Afrikaanse gebiede te beheer, dan sit die bakermat van ons Christelike beskawing vasgevang in 'n stel omstandighede waaraan hy hom slegs deur 'n derde wêreldoorlog sal kan ontworstel. Alleen sal Wes-Europa dit nie kan doen nie en dit sal dus daarvan afhang of die Verenigde State van Amerika Europa vir die derde keer tot hulp sal snel — hierdie keer egter in die wete dat 'n verwoesting soos die wêreld nog nie gesien het nie, ook sy grondgebied sal tref. Oor Amerika se moontlike reaksie spreek ek my nie uit nie maar dit volg

dat as Amerika se reaksie negatief is, en hy hom terugtrek in „Fortress America", die fulkrum van mag vir Wes-Europa en wellig ook vir ons, dan nie meer in Washington gesetel sal wees nie maar wel in Moskou. En dit moontlik sonder dat Rusland 'n skoot sal hoef te skiet of te laat skiet, behalwe in soverre dit miskien nodig mag wees vir die opruiming van Israel, wat op die oomblik nog in sy pad staan. Rusland beheer nou die een toegang tot en uitgang van die Middellandse See, nl. die Suezkanaal, wat Nasser ook al daaroor mag sê of glo. As hy die ander een, nl. die Straat van Gibraltar, oorheers moontlik deur die beskikbaarstelling aan hom van die moderne vlootbasis Mers-el-Kebir, wat deur die Franse ontruim staan te word, met daarby sy toenemende invloed in Algerië, en die moontlike beskikbaarheid dus van die hawe van Oran, dan is daar, om 'n plat uitdrukking te gebruik, pêrde. Europe sal dan rekening moet hou met die mees perfekte knyptang van alle tye, waarin hy dan vasgevang sal sit enersyds geanker in Finland, deurgetrek onderkant die satellietstate verby na Afghanistan en terug deur die Nabye Ooste tot by die ander anker, Algerië. *Dit* is moontlik wat Kroesjtsjef o.a. in gedagte gehad het toe hy gesê het „We shall still bury you" en dit is moontlik die verklaring vir die beleid wat genl. De Gaulle volg — 'n beleid wat 'n mens kan verstaan as jy hierdie oorwegings in gedagte hou.

Ek gaan nie verder daarop in wat al die konsekwensies hiervan sal wees nie behalwe dat ons geen illusies oor die erns daarvan moet koester nie. Rusland beheer reeds die een seepoort na die Ooste, die Suezkanaal, of Nasser dit wil weet of nie. Die Panamakanaal en Kaap Horn uitgeslote, beheer Suid-Afrika die ander een. U kan uself indink hoe slegs hierdie een elementêre feit van ons 'n kol maak in die Russiese strategiese skyf. As hulle hierdie kol kan tref nadat hulle hul middeterreense doelwit bereik het, dan lê die Indiese Oseaan ook voor hulle oop en, omgekeerd, ten dele toe vir die Weste — 'n Weste wat eienaardig genoeg, vanweë 'n sinnelose en siniese opportunisme, Suid-Afrika se hand van vriendskap dikwels versmaai en aan Suid-Afrika die wapentuig ontsê waarmee hierdie strategiese seeweg verdedig moet word. Ons weet wat lê aan die ander kant van die Indiese Oseaan en ons weet wat sou kon gebeur as die poorte eenmaal oopgegooi word en die duisende miljoene van Asië, onversorg en honger soos baie van hulle is, aan

die beweeg raak. Hulle hoef nie juis op Suid-Afrika toe te sak nie — dit sal voldoende wees as hulle dit op Oos-Afrika doen. Ons moet ons nie probeer troos aan Russies-Sjinese vyandskap nie. Dit is oppervlakkig en, in die stryd om kommunistiese wêrelddominasie, vir die Weste betekenisloos. Die oorspronklike kommunistiese doelstellings moet ons, ter wille van ons eie veiligheid en selfversorging, as onaangetas beskou.

Dit is wat ek bedoel wanneer ek sê daar is stormweer in aantog — met daarby baie ander vrae wat hierop betrekking het maar wat ek vanaand tersyde moet laat. Terroristiese bedrywighede in die Noorde is, in hierdie verband, net die bliksemskigte aan die horison.*

Ek eindig. Waar het ons nou gekom? Nog by die vraag wat ek by die begin gestel het maar nou, hopelik, teen 'n duideliker agtergrond, hoe effens ook al. Watter pad gaan ons, en dan bedoel ek ons almal saam, in die lig van al die omstandighede, loop?

Wat myself betref hou ek my aan die ou beproefde een maar ek moet hom saam met my nasie loop, die Afrikanernasie bestaande uit verskillende blanke bevolkingsgroepe maar saamgesnoer op die grondslae wat genl. Hertzog so lank gelede neergelê het, en aangepas by die omstandighede van die tyd. Ek moet dit in eerbaarheid kan doen teenoor almal wat binne my land se grense woon, en hulle teenoor my. Ons moet mekaar in staat stel om dit so te kan doen.

Die hegste grondslag vir my om dit so te kan doen vind ek in my Christelike geloof, want hy alleen is die versekering dat ek in alle omstandighede sal kan put uit 'n bron wat onverganklik is en wat nie van die wispelturighede van 'n mens afhanklik is nie.

Maar as ek dit wil doen dan is daar 'n voorwaarde en 'n bevel — die ander bevel waarna ek in die begin verwys het: „Ek is die Here julle God. Julle mag geen ander gode voor my aangesig hê nie".

---

* *Ek het dit alles geskryf nog voordat die onheilswolke so swaar oor Viëtnam en oor Suidoos-Asië gehang het, as wat nou die geval is. Moenie 'n fout maak nie — daardie onheilswolke hang ook oor die hele Westerse wêreld. Dit maak wat ek gesê het oor die Middellandse See nie ongeldig nie — net meer dringend.*

Ten opsigte van hierdie voorwaarde en hierdie bevel staan ons skuldbelade want ons dien inderdaad ander gode, en ons doen dit bewustelik, soos die kinders van Israel gekniel het voor die goue kalf. Twee het ek reeds genoem en ek wil by daardie twee volstaan: die verheerliking van die eie ek en die versugting na die rykdomme van 'n materialistiese bestaan. *Dit* is die wurm wat aan die penwortel lê. Tussen hierdie twee is daar 'n wisselwerking wat die teelaarde kan wees van groot onheil. Laat ons ons geen illusies daaroor maak nie en laat ons nie versuim om ook onsself aan selfondersoek te onderwerp nie. Die Afrikaanssprekendes was eintlik nog nooit gewoond aan weelde nie en die versoekinge daarvan ken hulle nie, maar hulle toetstyd is nou. Ook daaruit sal 'n oordeel vloei — goed of kwaad. Uit ons armoede het ons in die verlede krag geput. Wat gaan ons put uit rykdom?

U gaan 'n nuwe universiteitsjaar tegemoet wat 'n deel sal vorm, indien u gespaar mag bly, van die lang jare wat voorlê waarin u u sal moet laat geld as mens, in geestelike verband, in familieverband, in groepverband, in nasieverband, en, deur u nasie, in wêreldverband.

Dit is 'n lang pad wat u sal moet loop, een waarop elkeen van u, niemand uitgeslote nie, dikwels beproef en getoets sal word. Ek weet nie of ek vanaand daarin geslaag het om vir u miskien 'n bietjie lig op daardie pad te werp nie. Om seker te maak dat ek dit wel gedoen het wil ek u iets meegee en dit in die woorde van 'n onbekende Engelse digter, pragtig vertaal deur 'n gerespekteerde en geliefde man, wyle dr. Eben Dönges, voormalige aangewese Staatspresident, wie se naam by ons in dankbare herinnering sal bly.

So lui die vertaling:

*„En ek het gesê aan die man wat gestaan het by die poort van die jaar:*
*Skenk aan my lig, dat ek die onbekende veilig mag betree!*
*En sy antwoord was:*
*Stap gerus die duisternis in maar plaas eers jou hand in die Hand van God,*
*Want dit sal vir jou wees beter as lig en veiliger as 'n bekende pad.*
*Ek het toe uitgegaan en met my hand in die Hand van God, die donker nag met blymoedigheid betree.*

*En Hy het my na die hoë heuwels heen gelei en na die nuwe dag wat in die Ooste breek."*

Die hoë heuwels en die nuwe dag. Dit is waaroor ons gepraat het vanaand — u en ek — oor ons land en oor ons nasie en oor ons gesamentlike toekoms.

Ek wens u almal Gods rykste seën toe, nie net vir vanjaar nie maar vir al die jare van u lewens.